higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 I
2.2 F
2.3 H
2.4 A
2.5 B
2.6 C
2.7 D
2.8 E
2.9 J
2.10 G

(10 x 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Bemagtigende
3.2 Ondergeskikte
3.3 seksuele oortredings en gemeenskapsake
3.4 Ondersoekdirektoraat
3.5 Nasionale Vervolgingsgesag
3.6 Hoë Hof
3.7 Lae hof
3.8 herstellende geregtigheid
3.9 Afwending
3.10 Verpligte verblyf

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Die skepping van 'n omgewing wat bevorderlik is vir die effektiewe betrokkenheid van die gemeenskap by die rehabilitasie van die oortreders
- Die skepping van geleenthede vir die vestiging en instandhouding van vennootskappe tussen die DKD en die gemeenskap
- Die regulering van die getal gemeenskapgebaseerde diensverskaffers wat programme en dienste aan oortreders wil lewer om met rehabilitasiepogings te help
- Die formalisering van samewerkende vennootskappe en netwerkverhoudings met die gemeenskap
- Die integrasie en koördinering van dienste wat deur gemeenskapgebaseerde diensverskaffers aan oortreders gelewer word
- Om effektiewe herintegrasie van oortreders in die gemeenskap te verseker
- Betrokkenheid van voormalige oortreders in rehabilitasiepogings
- Bemarking van die DKD, sy behoeftes en dienste aan die gemeenskap (8 × 1) (8)

4.2 4.2.1 Die Eenheid vir Seksuele Oortredings en Gemeenskapsake (SOGS) is gevestig met die doel om alle vorme van geslagsgebaseerde geweld teen vroue en kinders asook viktimisering van vroue en kinders uit te roei. (2)

4.2.2
- Onderhoud
- Kindergeregtigheid
- Huishoudelike geweld
- Seksuele oortredings
- Mensehandel (Enige 4 × 1) (4)

4.2.3
- Om die skuldigbevindingskoers in sake van seksuele oortreding te verbeter
- Om sekondêre viktimisering in die strafregstelsel te verminder en 'n slagoffergesentreerde benadering aan te neem
- Om die vaardighede van alle rolspelers in die vervolging van seksuele oortredings te ontwikkel
- Om die siklustydperk vir die finalisering van sake te verminder (4)

4.3
- Om tyd in die Parlement te bespaar
- Wanneer die wetgewing te tegnies of gedetailleerd is om deur Parlement gehanteer te word
- Om snelveranderende situasies te hanteer
- Om vir vinnige optrede in 'n noodgeval voorsiening te maak (4)

4.4
- Eerste rol is om stelsels te elimineer wat misdaad moontlik maak en om misdaadvoorkomingsmaatreëls in die sakewêreld te verbeter.
- Die tweede rol is om 'n vennootskap met die staat aan te gaan, deur kundigheid, inligting, prosesse en tegnologieë te deel. (2)

4.5
- Vroue✓ of dames✓
- Moeders met babas✓ of Moeders met ’n kind van vyf jaar of jonger✓.
- Kinders ✓ of Kinders onder die ouderdom van 18✓ of Jong oortreders✓
- Gevangenes met gestremdhede ✓ of Gevangenes met fisieke, verstandelike of ander gestremdhede✓.
- Gevangenes met MIV en Vigs✓ (Enige EEN) (2)

4.6
- Voorsittende beamptes (regters of landdroste)
- Staatsaanklaers of advokate of prokureurs wat bevoeg is om in ’n hof te verskyn
- Beskuldigde
- Getuies
- Publiek (kan die media insluit) (Enige 4 × 1) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Die hooffunksie van die SANW is om die Republiek van Suid-Afrika teen eksterne veiligheidsbedreigings te beskerm. (1)

5.2
- Ingevolge artikel 201(2)(a) van die Grondwet en artikel 19(2) van die Verdedigingswet, mag die President die ontplooiing van die SANW in samewerking met die SAPD magtig vir die voorkoming en bestryding van misdaad en die handhawing en bewaring van wet en orde.
- Wanneer die SANW in samewerking met die SAPD ontplooi word, moet dit gemagtig word deur die President op versoek van die Minister van Polisie.
- Die Minister moet ’n gedragskode en operasionele prosedures goedkeur, asook riglyne oor koördinering van gesag en beheer oor lede van die SANW en die SAPD.
- Wanneer lede van die SANW vir hierdie tipe diens ontplooi word, het hulle dieselfde bevoegdhede en pligte as lede van die SAPD.
- Hierdie bevoegdhede mag slegs uitgeoefen word vir die suksesvolle uitvoering van die ontplooiing, die voorkoming van misdaad, handhawing van wet en orde, en bewaring van interne of binnelandse sekuriteit.
- Hierdie bevoegdhede sluit nie die ondersoek na misdaad in nie.
- ’n Lid van die SANW wat ’n persoon in hegtenis neem, moet daardie persoon so gou moontlik aan die SAPD oorhandig.
- Die SANW kan versoek word om die SAPD by te staan in ernstige gevalle van onrus en geweld in Suid-Afrika, soos xenofobiese aanvalle en die onlangse plundering weens betogings teen die Konstitusionele Hof se beslissing om Jacob Zuma tronkstraf op te lê. (Enige 9 × 1) (9)

[10]

VRAAG 6

Tipe hof	Jurisdiksie	Tipes sake	Vonnisse
Streeks-landdroshowe.✓	Die land word in streekshowe verdeel. Hulle word gevestig op een of meer plekke in elke streeksafdeling om sake aan te hoor wat in hul jurisdiksie val.	Streekshowe het jurisdiksie in alle sake behalwe hoogverraad.	Lewenslange gevangenisstraf, of vir ’n tydperk tot 20 jaar, of ’n boete tot by R300 000
Distrikslanddros-hof	Enige minder ernstige oortreding wat in die landdrosdistrik gepleeg is	Minder ernstige straf- en siviele sake ✓	Gevangenisstraf wat nie drie jaar oorskry nie of ’n boete wat nie R100 000 oorskry nie

(Enige 10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

VRAAG 7

Die beginsels van sektorpolisiëring is:

- Respek vir en beskerming van mense wat aan sektorpolisiëring deelneem en probleemoplossing-inisiatiewe
- Probleemoplossing is gebaseer op raadplegende benadering wat voortdurend probeer om probleme op te los en responsiwiteit jeens behoeftes te verbeter.
- Opleiding, kapasiteitsontwikkeling en vaardigheidsontwikkeling van SAPD-personeel en lede van die gemeenskap
- Om konstruktiewe deelname moontlik te maak om misdaadprobleme te hanteer
- Om nou met die plaaslike gemeenskap saam te werk
- Om beter dienslewering deur beamptes te bekom
- Om die ondersteuning en goedkeuring van plaaslike gemeenskap te geniet – polisiëring deur instemming.
- Gedeelde eienaarskap, besluitneming en verantwoordbaarheid tussen polisie en die gemeenskap
- Bewustheid van en respek vir die tale, kulture en waardes van die diverse mense van Suid-Afrika
- Verbetering van begrip vir en vertroue onder die polisie, gemeenskap en ander diensverskaffers
- Identifisering van gemeenskapshulpmiddele en begrip vir hoe om dit te mobiliseer en gebruik
- Kennis van hoe om nuwe hulpmiddele in die gemeenskap te ontwikkel.
- Gebruikmaking van ’n volledig geïntegreerde benadering wat almal in die polisiediens betrek
- Konflikoplossing tussen en in gemeenskapsgroeperings op ’n manier wat vrede en stabiliteit bevorder (15)

Die voordele van sektorpolisiëring is:

- Dit is 'n praktiese vorm van gemeenskapspolisiëring aangesien dit die polisiëring van kleiner, meer hanteerbare areas behels.
- Dit verseker meer effektiewe misdaadvoorkoming omdat aandag geskenk word aan die oorsake van misdaad en die faktore en omstandighede wat misdaad in staat stel om in 'n sektor plaas te vind.
- Dit dra by tot gemeenskapsbetrokkenheid, wat tot sterk vennootskappe tussen die polisie en gemeenskap lei.
- Dit moedig gemeenskappe aan en stel hulle in staat om groter verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid en sekuriteit te aanvaar.
- Dit verbeter die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap, wat die gemeenskap se vertroue in, respek vir en begrip van die polisie versterk, vrees vir misdaad verminder en dienslewering deur die polisie bevorder.
- Dit is polisiëring in sy basiesste vorm. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

OF

VRAAG 8

Pilaar 1: Die strafregproses ✓

Doelwitte:

- Streef daarna om die strafregsplegingstelsel meer doeltreffend en doelmatig te maak.
- Herontwerp van die strafregproses✓
- Misdaadinligting en -intelligensie✓✓
- Aanklagbeleid
- Geskikte gemeenskaps-vonnisoplegging
- Afwendingsprogram vir minderjarige oortreders ✓
- Veilige sorg vir jeugdiges ✓
- Verklaring/uitleg van wetgewing
- Slagofferbemagtigingsprogram ✓

Pilaar 2: Verlaging in misdaad deur middel van omgewingsontwerp

Doelwitte:

- Om stelsels te ontwerp wat die geleentheid vir misdaad beperk✓
- Om die opsporing en identifisering van misdadigers te maksimaliseer ✓
- Omgewingsontwerp en -instandhouding ✓
- Identifiseringstelsel
- Motorvoertuigregulering
- Hantering van korrupsie en kommersiële misdaad✓

Pilaar 3: Publiek of gemeenskap se waardes en opvoeding

Doelwitte:
- Dit behels aktiwiteite wat daarop gerig is om die manier waarop gemeenskappe op misdaad reageer, te verander. ✓
- Fasilitering van gemeenskapsdeelname aan misdaadvoorkoming
- Openbare opvoedingsprogram ✓
- Bevordering van skoolgebaseerde voorligting oor misdaad✓

Pilaar 4: Transnasionale misdaadprogramme ✓

Doelwitte:

- Dit het ten doel om beheermaatreëls rakende oorgrensverkeer wat met misdaad verband hou, te verbeter.✓
- Vermindering van die geleenthede wat die streek aan internasionale misdaadsindikate bied✓
- Hantering van transnasionale georganiseerde misdaad ✓
- Grensbeheer en binnekomshawens

(Elke pilaar × 1 doelwit × 3)
(4 + 4 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou